

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 227**

(Geen datum)

**In die Here is jy 'n wenner**

\* \* \* \* \*

"Dien die Here met vrees en juig met bewing."

(Psalm 2:11)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Wen of verloor jy?

Ps 2:1-2

Die lewe wat daaglik 'n baie vinnige tempo handhaaf, is steeds 'n gejaag om die onsekerheid by baie mense te probeer verander in 'n vastigheid. By so baie mense heers daar die onsekerheid.

Geen vastigheid, geen koers.

geen beginsels,

net die hol gevoel van leegheid is al wat oorbly.

Die Afrikaanse spreekwoord is so waar: "So waai die wind so waai my jas"

Die mode bepaal die beginsels, die massa bepaal die koers, die wêreldleiers bepaal die rigting.

Daar is niks in gister wat nie vandag verander kan word nie. Daar is niks vastigheid wat nie môre verander word en omvergegooi word nie. Die belangrikste het die "hier en nou" geword:

- Wat nou geëet moet word.
- Wat nou aangetrek moet word.
- Wat nou op TV-nuus gebeur
- Wat nou gesien en gehoor word.

Staan maar 'n oomblik stil, my liewe Leser, en kyk rondom u.

Ps 2 sê dit duidelik:

"Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge"

— Daar is oorlog, bomme skiet alles stukkend, mense word gedood, vliegtuie val, skepe vergaan, en die wêreldleiers hou beraad konferensie, samesprekings, indaba.

Almal praat en almal skreeu — maar wie doen iets?

Nêrens kry iemand rigting nie . . . almal jaag om en om, een dag na die ander . . . een week na die ander . . . so volg maande wat jare vol maak en is ons amper aan die einde van die eeu!

Vir God is daar in die gewoel en denke oor nietighede geen plek nie.

God word eenkant geskuif,

God word vergeet,

God word totaal geïgnoreer.

In party lande word algemene verkiesings op 'n Sondag gehou. Sondagsport is algemeen, selfs in ons eie land, en dan word dit nog op TV gebeeldsend.

Vir die gelowige het dit 'n moeilike tyd geword. Daar is nie tyd en plek vir sy beginsels nie. Kerk en Kerk-toe-gaan is totaal op die agtergrond geskuif.

Te midde van die aardse stryd en gewoel om nietighede, moet die gelowige rigting hou en sy koers moet vasstaan.

Vir die gelowige is daar vastigheid en rigting — ons hoef nie te woel nie. Ons lewe rustig — 1 Tes. 4:11. Ons behartig ons eie sake. Werk met ons eie hande — 1 Tes. 4:11.

Ja, die koers en rigting waarop ons gaan is Jesus Christus.

God self het die vastigheid bepaal.

God self gee ons die einddoel — naamlik Jesus Christus.

Wen jy in Christus of verloor jy saam met die wêreld?

Onthou: Jesus het aan die kruis oorwin! Wil jy 'n wenner wees? Staan stil, dink en wag eers — in Jesus is jy 'n wenner.

Waar staan jy? Wenkant of Verloorkant

Die wêreld dink hulle wen — met al die praat, met al die spitsberade, die oorlog, die bomme — maar nee, eintlik verloor hulle.

Hulle verloor God. Hulle verloor hulleself Hulle verloor mekaar. Hulle verloor vrede.

In Jesus sien u God - in Jesus hoor u God - in Jesus wen u, uself - in Jesus ontvang u vrede.

Wees 'n wenner in Jesus wat 'n OORWINNAAR is.

***Ds. L. H. van Shaik.***

# God lag vir menslike geweld

Is jy dalk ook skuldig daaraan om jou godsdiens in te rig en te plooi volgens die meerderheid?

Jy het dit sekerlik ook al opgemerk dat ware christene baie keer in die minderheid is. Soms word hulle selfs bespot en as outyds bestempel.

Die geskiedenis leer ons dat christene in die verlede op brandstapels lewendig verbrand is.

Ander weer is voor honger roofdiere gegooi.

Driehonderd jaar gelede is die christene in Frankryk by die honderde doodgemaak.

Baie moes vlug vir hulle lewens en sommige het hulle hier in Suid-Afrika as die Hugenote kom vestig.

Vandag is dit selfs nie meer iets ongewoons as christene in kommunistiese lande gevang en gemartel word nie. In sommige gevalle word hulle selfs gedood. Moontlik het jy al die vraag gevra: IS DIT DAN NOG DIE MOEITE WERD OM 'N CHRISTEN TE WEES?

Christus laat diegene wat Hom gelowig volg nie oningelig oor die verloop van hierdie geweld teen die Christendom nie.

In Psalm 2 leer ons dat dit gaan om 'n stryd teen die Here en teen Sy Gesalfde.

Die Gesalfde, dit is Jesus Christus, moet uit die weg geruim word sodat die pad vir die antichris berei kan word.

Elkeen wat hierdie pad van die antichris loop, loop dit los van God en weg van God. Om hierdie droewige doel te bereik, sal daar selfs van geweld gebruik gemaak word.

In Psalm 2:4 vind ons nou ook die blye boodskap en hiervan moet jy kennis dra, naamlik: "Hy wat in die Hemel woon, lag; die Here spot met hulle."

God woon in die hemel en met hierdie woorde leer ons die Here ken in Sy hemelse majesteit teenoor die nietige en aardse mens wat hom soms so baie aanmatig.

Hulle sogenaamde groot planne om Hom en Sy volk te vernietig is voor Hom so klein en nietig dat Hy daarvoor lag en met hulle spot.

God se raad sal nooit deur hierdie bese planne verander kan word nie. Al slaag hulle daarin om selfs die Gesalfde te vang en met spykers aan die kruishout vas te spyker - lag die Here vir hulle. Daardeur kon hulle Christus nie uit die weg ruim nie. Inteendeel, daardeur het Christus elke gelowige se sondes met Sy bloed weggeneem sodat hulle pad daardeur voorberei is na Sy ewige saligheid.

Aan watter kant is jy?

- As jy aan die kant van die geweldenaars is, hulle wat Christus en sy volgelinge nie kan duld nie, weet dan dat God vir jou lag.
- As jy egter die Here en Sy Gesalfde gelowig volg, moet jy weet dat die wêreld jou ook sal vervolg soos hulle Christus probeer vervolg het. Maar jy moet daarby ook weet dat Christus se vervolging aan die kruis jou reeds van die ewige triomf verseker.

In Christus sal ons oorwinnaars bly!

***Ds. Sarel Cilliers***

# Die oorwinnende Koning

Jesus Christus is die Koning van die wêreld! En soos enige ander koning is Hy ook gesalf en ingehuldig as Koning. Psalm 2:6 sê: Dit is God self wat Hom as Koning gesalf het! As Koning oor Sy Koninkryk — dit is die ganse wêreld en ook jou en my lewe is deel van God se Koninkryk.

Baie mense leef egter asof Christus nie Koning is nie. So tipies mens probeer hulle hul eie koninkryk afpen en afbaken. Hulle wie so graag onafhanklik lewe - sonder God en sonder Koning Jesus Christus.

Maar ondanks die felle revolusie en ondanks die kookpot van onrus en geweld waar mense poog om koninkryke te vestig . . . ja, ondanks blatante ongehoorsaamheid aan God en Sy Woord, BLY JESUS CHRISTUS KONING — want God wat onveranderlik en ewig is, het Hom gesalf tot Koning!

Die wese van Sy Koningskap vind ons bykans 2 000 jaar gelede, toe Hy aan die kruis op Golgota gesterf het en . . .

- die magte van die duisternis en hel oorwin het
- die dood deurbreek het
- en as OORWINNENDE KONING opgestaan het in 'n ewige lewe!

Daarom sê 1 Joh 1 dat Christus **LEWE IS!** 'n Lewende, oorwinnende Koning!

Hoe leef jy? Ons moet leef soos onderdane of diensknegte — gehoorsaam en getrou aan ons Koning Jesus Christus. En Sy wil, Sy regering kry ons in die Bybel! As jy die Bybel lees en dit gehoorsaam, dan **sal** jy leef soos Hy wil.

Maar watter heerlike gedagte, my vriend en vriendin, dat ons deur Gods genade nie net onderdane en diensknegte van ons Koning is nie . . .

- ons is ook Koningskinders . . . ja, kinders wat aangeneem is uit genade
- ons is ook erfgename van ons Koning, wat deel in die rykdom van sy Koningsgenade!

Hoekom lééf mense dan nie só nie?

Hoekom is daar so baie opstand en revolusie teen die Koning?

Omdat ons nie gio nie? Ja, die natuur van mens-wees is opstand en ongehoorsaamheid en revolusie! Van nature haat die mens God.

Moenie! Daardeur verbeur jy jou erfdeel. Vers 8 van Psalm 2 dra daardie belofte. Vra van jou Koning deur gebed — en Hy gee uit genade!

Onverdiend sal jy ontvang.

Dis die rykdom van die oorwinnende Koning: Om te gee uit genade!

En dis net 'n dwaas wat die genade verag. Want eendag sal hierdie koning, Jesus Christus, as oorwinnaar verskyn — en elke oog sal Hom sien en elke mond sal bely dat Hy waarlik Koning is.

'n Koning met groter genade en groter liefde as Christus sal jy nêrens vind nie. Inteendeel - **HY IS DIE ENIGSTE WARE KONING**

Leef dan so —

- soos 'n onderdaan - gehoorsaam aan Sy Woord
- soos 'n Koningskind wat deel in Sy genade
- soos 'n erfgenaam en as mede-regeerder van jou Koning tot in alle ewigheid!

**Ds. Nico Ligthelm**

# Die Here waarsku — wees gewaarsku

Pasop! — jou lewe is in gevaar! — maak dat jy wegkom!

Hoe sal jy reageer as iemand jou so waarsku?

- Jy sal sekerlik nie rustig aangaan met dit waarmee jy besig is nie;
- Jy sal ook nie stilsit en maak asof jy niks gehoor het nie;
- Jy sal beslis nie maak asof daar niks gaan gebeur nie.

As iemand op so 'n wyse waarsku, gaan jy verseker soos volg reageer:

- Jy gaan maak dat jy wegkom;
- Jy gaan vir jou lewe vlug.

In Psalm 2 hoor 'n mens hoedat die Here waarsku:

- Pasop, jou lewe is in gevaar!;
- Jy gaan met 'n ysterstaf verpletter word;
- Jy gaan soos 'n kleipot flenters geslaan word.

Maar nou wil jy weet: waarom is jou lewe in gevaar?

Wat is die oorsaak wat daartoe aanleiding gee dat die Here die mens wil verdelg?

Die antwoord is kort en kragtig: **ONGELOOF!**

Nou is dit so dat ongelooft nie maar net 'n passiewe houding is van, om nie te glo nie. Ongelooft is ook 'n aktiewe daad. Dit laat 'n mens iets doen. Ongelooft bring 'n mens in opstand teen God. Jy wil nie deur die Here voorgeskryf word wat om te doen nie. Jy voel jy kan met jou lewe maak wat jy wil.

Ongelooft maak dat jy die bande van God se wet totaal en al ignoreer. Jy wil nie in jou gewete en wandel gebind word deur die bande van God se wet nie.

- Daarom het jy die bande met die kerk gebreek en is jy kerkloos;
- Daarom glo jy nie meer aan die huwelik nie en bly julle maar somer saam;
- Daarom is Sondag vir jou 'n dag vir laat slaap, sport en ontspanning.

Luister goed na die waarskuwing, my Vriend:

## **JOU LEWE IS IN GEVAAR:**

Geen verzet teen die Here sal ooit slaag nie. Wat kan 'n klein, nietige mensie nou teen die almagtige God vermag? Elkeen wat hom aan die Here se heerskappy wil vergryp, se neerlaag is gewis en seker.

Jy mag dalk diep in jou hart voel dat dit nie waar is nie. Jy leef nou al so lank sonder die kerk en dit gaan nie juis met jou slegter nie. Daar is so baie voorbeelde wat jy kan voorhou van mense wat teen die Here in opstand is en waarmee dit steeds uiters goed gaan. Waar is die gevaar dan waarvan gepraat word?

Vriend, ek wil jou verseker dat die Here nooit verniet waarsku nie. Hy hou altyd Sy woord. As Hy gesê het dat Hy alle ongelowiges en opstandiges gaan verdelg, gaan Hy dit verseker doen. Jy mag dit dalk nie nou raaksien nie, maar onthou dat Jesus Christus op pad is om al Sy vyande in die ewige verdoemenis te werp.

Hoe gaan jy nou op die waarskuwing reageer?

Gaan jy maar net aangaan met jou lewe asof niks gaan gebeur nie, of gaan jy na Jesus Christus toe vlug met berou en skuldbelydenis?

God sal diegene wat Hom aanroep in die dag van benoudheid, nooit uitwerp nie!

**Ds. C. S. Grobler**

# Uiteindelik is dit Christus wat oorwin

Psalm 2:11 & 12

"Dien die Here met vrees, en juig met bewing. Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie, want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!"

Ondanks die deurmekaar geskreeu van 'n ontredderde wêreld, kan ons glo dat die uiteindelige oorwinning in Christus vas en seker is — dit is wat Ps 2 ons wil leer.

Ondanks die gewoel van die sondige nasies, ondanks al die opstand en verset en revolusie, en al die planne wat bedink word, en al die samesweringe wat gesmee word teen die opperheerskappy van God — staan een ding bo alles vas: Dit is **God** wat regeer!

Trouens, in hierdie Psalm sê Dawid dat die Here met sy teëstanders spot en vir hulle lag.

Die pogings wat hulle aanwend is nietig. Hulle bose oorlog is vrugteloos.

Weerstand teen die Here is waansin. Opstand en verset teen God is dwaasheid, want uiteindelik lei dit tot vernietiging en ondergang.

Hierdie Psalm is waarskynlik gebruik tydens kroningsfeeste in Jerusalem:

- wanneer 'n koning gesalf is
- en deur die Here as Sy seun aangeneem is
- en die koning verseker is van die Here se kragtige en triomferende bystand teen die ongelowige nasies

Die volkerewêreld is 'n kookpot van onrus en verwarring:

- die gesag van die Here word verwerp
- daar is 'n hardnekkige en volhardende verset teen God en sy Gesalfde.

Maar in hierdie Psalm word die almag van God geproklameer en die eer vir God opgeëis. Die konings van die wêreld word gewaarsku om verstandig te wees en die Here met ontsag te dien. Alleen so sal hulle van Sy vernietigende toorn kan vrykom.

Al beskik die wêreldheersers oor ongekende mag, is elke poging tot selfverheffing teenoor die Here onsinnig - want Hy alleen is oppermagtig. Die bose planne wat die mense beraam, maak Hy tot niet. Geen mens kan volkome sekuriteit en veiligheid bied nie - net God alleen!

So is die koning wat gesalf is, met mag bekleë om die opstandiges te onderwerp. Hy sal al Sy vyande vernietig - hulle sal stukkend geslaan word soos 'n erdepot.

Uiteindelik wys alles wat hier oor die koning gesê word, heen na die eind-triomf van die Christus-Koning. In die Gesalfde van God, die Messias wat sou kom, word hierdie psalm vervul.

Dit is Hy wat gekom het om die sataniese mag agter die opstandige wêreld te verpletter. Dit is Hy wat die Koningsheerskappy van God kom bevestig het deur Sy oorwinning oor dood en hel. Dit is Hy wat sy gelowiges, Sy gesalfdes, met nuwe krag bekleë het, krag om die opstandige wêreld voor 'n ultimatum te stel: onderwerp julle aan God en Sy Gesalfde, dien Hom met eerbied en ontsag, of word die voorwerp van sy oordeel en vernietiging!

- krag om die mensdom op te roep tot wysheid en verstandigheid, en om ag te gee op die waarskuwing
- krag om die wederstrewiges te maan tot onderdanigheid aan die Here, en om Hom as Koning te erken

In ons gesindheid en optrede teenoor die opstandige en ongelowige wêreld, moet ons die



lankmoedigheid van God in Christus laat sien, maar ook die ernstige aandrang op bekering en onderdanigheid aan Hom.

God self het Jesus tot Koning gesalf en Hom met mag bekleë oor alle volke. Hy heers op alle lewensterreine. In hierdie deurmekaar en opstandige wêreld, is Hy die Bron van sterkte en sekuriteit en veiligheid. Sy regering wankel nooit nie. Sy Koninkryk word nie omvergewerp nie. Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie. In Christus is die oorwinning vas en seker! En ons roeping is:

- om daaraan te glo en dit aan ons naaste uit te dra;
- om getroue ambassadeurs te wees van God in hierdie vyandige wêreld;
- om in onderworpenheid voor Hom neer te buig en by Hom skuiling te soek

Dan is ons veilig en geborge by Hom, vir tyd en ewigheid!

***Ds. Pieter van der Walt***